WH Witzenberg Herald

VOLUME 28 NO. 38 R 10

FRIDAY, 3 OCTOBER 2025







## 4-Dag weervooruitsig

| Donderdag 2 Oktober | Vrydag 3 Oktober | Saterdag 4 Oktober | Sondag 5 Oktober |
|---|---|---|---|
| 3° 20° | 3° 29° | 5° 20° | 5° 19° |

CERES KOEKEDOUW DAM **100%**

TULBAGH DAM **98%**

WAVERENSKROON TULBAGH **89%**

Lesings geneem: 2025/10/01












Telephone: (023) 316-2021 Whatsapp: 066-316-3003 Editorial: nuus@witzenbergherald.com Advertising: erika@witzenbergherald.com www.witzenbergherald.com






# Rowers buit geld en drank



*DIE polisielede het die afgelope paar dae suksesse behaal en drie arrestasies gemaak en twee vuurwapens in Nduli en P.A. Hamlet gevind. Die lede is van Wolseley, Ceres en P.A. Hamlet polisie.*

**ROWERS het Sondag en Maandag op twee besighede toegeslaan en duisende rande, selfone en drank geroof.**

Die eerste roof het **Sondag 28 September** net na 09:00 plaasgevind toe drie verdagtes, gewapen met pistole en messe, by Club Haze op Ceres toegeslaan het terwyl drie personeellede besig was om die nagklub skoon te maak. Hulle het die personeel met kabelbinders vasgebind voordat hulle met 'n bedrag kontant, 'n personeel se Samsung selfoon en drank gevlug het.

Een van die personeel kon later daarin slaag om los te kom voordat sy gehelp het om die ander twee se kabelbinders los te sny.

Die personeel is nie beseer nie maar was erg getraumatiseerd na dié voorval.

Die polisie wag vir CCTV materiaal en volg leidrade op. Hulle het ook 'n mes wat die rowers op die toneel vergeet het, gekry en weggestuur vir forensiese toetse en vingerafdrukke. Omstreeks 12:20 het die polisie 'n sein van die gesteelde selfoon in Michellspas opgevolg. Die rowers het die selfoon in die pas uitgegooi.

**USave drankwinkel beroof**

Vier rowers het Maandag omstreeks 17:55 op die USave drankwinkel op Wolseley toegeslaan.

Die vier mans het by die drankwinkel ingestap waarna een van die verdagtes van die personeel met 'n vuurwapen gedreig het. Die mans het twee selfone gevat asook kontant en drank.

Die mans het daarna gevlug en in 'n voertuig met 'n vervalste CT nommerplaat van die toneel weggejaag.

Wolseley polisie het leidrade opgevolg en drie arrestasies gemaak en twee vuurwapens in Nduli en op P.A. Hamlet gevind.

**Sindikaat betrokke**

Speurders ondersoek die moontlikheid dat 'n sindikaat vir die vlaag besigheid rooftogte verantwoordelik is en of die rooftogte by Jumbo Liqours, CT Cash loans, Club Haze en USave Liqours met mekaar verbind kan word.






*WAT begin het as 'n klein inisiatief om voedselonsekerheid tydens die Covid-19-pandemie aan te spreek, het vandag gegroei tot 'n suksesvolle gemeenskapsgedrewe program wat skole en gesinne bemagtig met die vaardighede om hul eie vars, voedsame produkte te kweek. Die Perdekraal-Oos windkragaanleg se voedseltuinprojek het uitgebrei van slegs 20 tuine tot meer as 90 groeiende voedseltuine in die Witzenbergstreek wat honderde gesinne voed. Ceres Sekondêre skool, een van die begunstigdes van die program, het sy voedseltuin in die skool se landboukurrikulum geïntegreer, wat leerders waardevolle praktiese ervaring bied. Die groente wat geoes word, word gebruik in daaglikse maaltye wat vir die skool se voedingsskema sowel as die koshuis voorberei word. Enige surplusprodukte word by plaaslike supermarkte verkoop, wat 'n klein maar betekenisvolle inkomstestroom vir die skool skep. Hierdie jaarlikse program hou aan om 'n positiewe impak te maak deur te help om huishoudelike kruideniersware-uitgawes te verminder en vaardighede te verskaf om hul eie vars, voedsame produkte te kweek. Met stygende voedselpryse en beperkte toegang tot gesonde voedselopsies, het hierdie tuine 'n lewenslyn geword vir baie huishoudings, sentrums vir vroeë kinderontwikkeling (VKO) en gemeenskapsfasiliteite.*



*MEV. Natalie Coetzee het 1 Oktober as skoolhoof by Ceres Sekondêre skool begin. Sy is 'n boorling van Ceres en het in 1989 by Ceres Sekondêr gematrikuleer. Sy was voorheen betrokke as opvoeder en departementshoof by verskillende skole en was sedert Januarie 2024, adjunkhoof by Wesbank Sekondêr. Ceres Sekondêre skool verwelkom haar en glo dat haar leierskap die skool tot hoër hoogtes sal neem.*




# Verhoor gaan einde November voort in handelsmisdaadhof

**DIE verhoor van drie Wolseley SAPD-lede en twee inwoners van die dorp, is weer uitgestel en gaan nou einde Novembermaand voortgesit word in die Bellville handelsmisdaadhof.**

Die vyf het op 26 September op klagtes van korrupsie en regsverydeling in die hof verskyn.

Die verhoor teen drie polisielede, sers. Mxolisi Sigila (46), kst. Johannes Fransman (43) en kst.(v) Melzandré Pieters (36), en oudpolisieman Daniël Davids (46) en 'n buurtwaglid, Anita Fransman (44), is na **27 November** uitgestel wanneer die verhoor voortgesit sal word.

**Agtergrond**

Die vyf se hofverskyning spruit voort uit 'n lang ondersoek van die Wes-Kaap SAPD anti-korrupsie-eenheid na 'n voorval meer as 4 jaar gelede op 21 April 2021 in die Wolseley-omgewing.

Die drie polisielede is op 7 Januarie 2022 by die polisiestasie in hegtenis geneem kort nadat hulle aan diens gekom het. Die twee inwoners is by hul onderskeie huise gearresteer.

Volgens die ondersoekspan het die verdagtes na bewering dwelms (mandrax en tik) in Masiphelelostraat gekonfiskeer maar nooit 'n kriminele klag by die polisiestasie geregistreer nie. Die dwelms is later verkoop en die opbrengs daarvan is tussen die verdagtes verdeel.

Die vyf se borgtog van R2 000 is verleng.




*TYDENS die seremoniële sooispitplegtigheid op 2 Februarie op Koppieshoogte in die Koue Bokkeveld, is die voorneme uitgespreek om 'n gedenkteken op 24 September (Erfenisdag) op dié terrein te onthul. Dié gedenkteken het ten doel om die opstand van slawe en Khoe werkers in die Koue Bokkeveld op 1 en 2 Februarie 1825 te herdenk met die fokus op 'n gesamentlike erfenis - genesing en groei. Terwyl die doelwit steeds 'n werklikheid bly, is daar praktiese omstandighede wat dit onmoontlik gemaak het om dit op die beplande datum te verwesenlik. Van groter belang vir die reëlingskomitee is om van die projek 'n inklusiewe een te maak, waarby alle belanghebbendes in die Koue Bokkeveld betrek kan word. Befondsing vir die projek is 'n addisionele uitdaging. Gevolglik was die komitee genoodsaak om die verwesenliking van die doelwit na 'n later datum in 2026 te verskuif. Die publiek sal op hoogte gehou word met die vordering.*

## Saak sal eers in 2026 aangehoor word

**'n MINDERJARIGE seun (17) van Ceres wat sedert Meimaand teregstaan op 'n klag van moord in die landdroshof, se saak is nou na 2026 uitgestel.**

**Agtergrond**

Die verdagte het Sondag 18 Mei omstreeks 02:40 saam met 'n paar vriende in Proteastraat by 'n woning in die Vredebes woonbuurt, gerook en gekuier.

Die oorledene, David Januarie (40), het die Sondagoggend binne die huis musiek gespeel wat die groep jongmense wat buite gekuier en dwelms gerook het, blykbaar nie aangestaan het nie.

Daar het na bewering 'n rusie tussen Januarie en die minderjarige ontstaan toe Januarie hom blykbaar met 'n besemstok wou slaan.

Die verdagte het Januarie toe twee keer met 'n mes gesteek voordat Januarie in die huis gehardloop en die deur gesluit het. Die jongmense het oproerig geraak en die ruite stukkend gegooi.

Januarie is later in die huis dood en die verdagte is deur die Ceres polisie op die toneel gearresteer.

Die saak is na **26 Januarie 2026** uitgestel.

**VOOR-AANSOEK OPENBARE DEELNAME PROSES VOORGESTELDE VERGROTING VAN 'N BESTAANDE INSTROOMDAM OP GEDEELTE 1 VAN PLAAS ROODE ZANDS KLOOF NO. 66, TULBAGH.**

Kennis word hiermee gegee van 'n publieke deelname proses kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998), soos gewysig, die Omgewingsinvloedbepalingsregulasies, 2014 (soos gewysig) en die Nasionale Waterwet (Wet Nr. 36 van 1998).

**Voor-Aansoek DOS&OB Verwysingsnommer**: 16/3/3/6/7/1/B5/14/1191/25

**Aansoeker**: Modderasrivier Boerdery (Edms) Bpk.

**Voorstel en ligging**: Gedeelte 1 van die Roode Zands Kloof Plaas No. 66 is 'n vrugteplaas in die Tulbagh-omgewing. Daar is twee damme naby mekaar op die plaas wat vir besproeiing gebruik word. Die Aansoeker wil die bestaande instroom-Modderasdam vergroot van 'n stoorvermoë van 200 000m³ na 'n stoorvermoë van 310 000m³. Die walhoogte sal van 13,8m tot 15,1m verhoog word en die totale voetspooroppervlakte sal ongeveer 2,2ha groter in omvang wees. Die tweede dam sal nie meer gebruik word om water te stoor nie. Die Modderasdam sal met bestaande regmatige water volgemaak word.

**Aansoek om omgewingsmagtiging in terme van NEMA**: Die volgende aktiwitete word geaktiveer: Lyskennisgewing 1 - 19 en 48. Lyskennisgewing 3 - 23. Die prosedures vir 'n Basiese Assesseringsproses word gevolg vir hierdie aansoek.

**Aansoek vir 'n watergebruiklisensie (WULA) in terme van NWA**: Die volgende watergebruiksaktiwiteit word geaktiveer: 21 b, c and i.

**Beskikbaarheid van die verslag**: Die Voor-Aansoek Basiese Assesseringsverslag is vanaf 3 Oktober 2025 beskikbaar op die Earth Grace Environmental Consultancy webwerf (www.earthgrace.co.za) vir openbare kommentaar. As u nie toegang tot die verslag het nie, kontak die omgewingskonsultant by die onderstaande besonderhede..

**Geleentheid om deel te neem**: Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GP'e) word uitgenooi om as B&GP'e te registreer en geskrewe kommentaar rakende die voorgestelde projek te verskaf. B&GP'e moet hul kommentaar verskaf tesame met hul naam, kontakbesonderhede (insluitend hul voorkeuropsie vir kennisgewing, bv. e-pos, posadres of faksnommer) asook 'n aanduiding van enige direkte sake, finansiële, persoonlike en/of ander belange wat hulle in die aansoek het. Verdere korrespondensie oor hierdie aansoek sal slegs met geregistreerde belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP's) wees. Die DOS&OB verwysingsnommer hierbo genoem moet gebruik word in alle korrespondensie wat deur B&GPe ingedien word.

B&GP'e wat nie kan lees of skryf nie, of wat om enige ander rede spesiale bystand benodig om hul standpunte oor die voorstel te stel, kan versoek dat hulp verleen word om hul kommentaar of besware op te teken by die onderstaande besonderhede. Alternatiewelik kan 'n stemboodskap via WhatsApp na die onderstaande selfoonnommer gestuur word.

Neem asseblief kennis dat deur as 'n B&GP te registreer of kommentaar te lewer, u toestemming gee dat u persoonlike data (insluitend kontakbesonderhede) verwerk en selektief bekend gemaak mag word (bv. in die geval van 'n appèl), ten einde te voldoen aan die vereistes van die EIA Regulasies, 2014, soos gewysig, en die Nasionale Appèlregulasies, 2025. Kommentaar wat deur B&GP ingedien word, sowel as hul name, sal openbare inligting word. Indien u verkies dat u naam nie saam met u kommentaar bekend gemaak word nie, of indien u van enige databasis verwyder wil word, stel asseblief die omgewingskonsultant daarvan in kennis. Neem kennis dat u persoonlike inligting vertroulik en professioneel hanteer sal word.

Kommentaar en B&GP-registrasie kan aan Lindsay Speirs du Toit gestuur word by die onderstaande besonderhede, **VOOR OF OP 5 NOVEMBER 2025**.

**Earth Grace Environmental Consultancy**

Aandag: Lindsay Speirs du Toit
083-289-8727
lindsay@earthgrace.co.za